

ANGST

Sy was moeg. Sy het die hele dag hard op kantoor gewerk, en nou klim sy by die 6de verdieping uit, en maak haar woonstel deur oop.

Sal sy nou 'n troosende koppie koffie drink, of dalk 'n koue glassie heerlike wit wyn?

Sy sit haar pakkies neer, en dink oor die probleem. Sy loop na die yskas toe om die wyn skink, maar meteens is daar 'n klop by haar deur.

Sy staan vreesbevange ... kan dit dalk die persoon wees wat haar vir die afgelope paar dae agtervolg het? Sy voel nie gelukkig daarvoor nie. Dalk is dit kinders wat die gek speel. Saggies kruip sy na die deur toe en druk haar oor styf teen die hout vas. Sy luister maar hoor niks nie.

"Wel," dink sy, "dis die wyn vir my" en sy loop kombuis se kant toe. Maar meteens begin haar selfoon lui. "Unknown number" verskyn op die skerm, en sy kanselleer toe dadelik die oproep. Sy sak in haar stoel neer en vat 'n heerlike slukkie yskoue wyn. En daar gebeur dit weer ... nou is dit die landlyn telefoon wat lui. Sy ignoreer dit vir 'n paar oomblikke, maar toe dit aanhou om te lui, antwoord sy. Stilte "Idiote" dink sy, maar sy voel onrustig oor die hele storie. Sy drink weer van haar wyn en "triiiiiiiiiiiiing" daar lui die landlyn weer. Die keer tel sy die foon op maar bly stil. Sy hoor net hoe iemand hard asem haal, en sy raak woedend. "Luister jou luis," skreeu sy "jy het in asemhalingstoestel nodig, jy haal nie so lekker asem nie!" en sy gooi die foon op die mikkie neer. Sodra sy weer tot rus gekom het, is daar alweer 'n geklop-klop aan die deur. Sy staan vreesbevange in die gang. Kan dit die skollie wees wat haar die afgelope paar dae agtervolg het? Sy besluit toe om maar die deur oop te maak, angstig sy loer deur die skreufie om te sien wie is daar.

Reg voor die deur staan ou tannie Van der Vyfer van die woonstel langsaan. Sy hou vas aan haar "zimmer" frame, en waai haar "inhaler" so voor haar gesig, terwyl sy fluister, "ek kan nie asem haal nie, help asseblief."

Julie Hattingh